# Twee gedichten

CARINA VAN DER WALT

### Amon L'isa

Eensaam in 'n sel van glas
staar jy verhole na hulle wat
kollektief weet wie hulle is
en hulle aan jou opdring.

- begeerte en walging
in gelyke maat
man én vrou -

Aanvanklik doelbewus met teer
kwashale tot lewe gestreel
uit 'n skugter skildershand.

Later gemoderniseer
bevestig met geditingeer
'n snorretjie en 'n bokkebaardjie.

L.H.O.O.Q.

En nou word jy in besit geneem -
deur kameragaatjies gekoekeloer.

'n Peepshow met 'n flits in 'n kits:
opgeneem in 'n orgie van gemeenskap.

L.O.L

### Feromoniese spel

Uit 'n goor hool wat klank
na kak en kots en pis
na seks en sweet
na bloed en poep
van plein tot paleis
tingel paradyslik
drie eeue later,
'n fyngeur uit Parys
sy feromone wakker.

Baldini Dior Guerlain YvesSaintLaurent

talm onderskeidelik ylings inhaar bouquet
van jasmyn en geranium en roosmaryn
van eucalyptus en peppermint
van kaneel en laventel
van paleis tot plein
en bekoor hom
oënskynlik met lighoofdige heupswaai,
wat opstyg uit die diepte
van 'n fyn hoëhakskoen.